

A3 TYDLOOSHEID VAN GOD EN TYDGEBONDENHEID VAN GOD SE SKEPPING

1. TEENSTRYDIGE BOODSKAPPE

In die kerk en by huisgodsdienst leer die kind dat God alles geskep het: hemel en aarde, plante, visse, diere en ook die mens. Maar op TV en in tydskrifte word die ontstaan van hierdie dinge aan evolusie toegeskryf. Op skool moet die kind die evolusieteorie selfs leer en moet hy van sy kennis van die teorie rekenskap gee in toetse, in groeps gesprekke en eksamens. Die evolusieteorie stel dat duisende miljoene jare gelede daar vanself 'n lewende sel uit chemiese stowwe ontstaan het. Uit hierdie sel het algaande gras, plante en bome ontstaan, asook lewende diere soos visse, voëls, muise en ander diere, ook soogdiere soos vlermuise, ape, bobbejane en mense.

Tussen die evolusieteorie en dit wat die Bybel aan ons openbaar is, is daar 'n onoorbrugbare kloof. Genesis 1 word soos geskiedenis gesistematiseer aangebied as iets wat in die verlede werklik gebeur het; dit is nie poësie nie. Hierdie gebeure word in ses skeppingsdae ingedeel. Elke skeppingsdag word afgebaken deur die beskrywing dat dit aand en toe more was.¹ Dit dui op 'n chronologiese verloop van gebeure.²

2. GOD HET TYD GESKEP

God, wat self ewig is, is nie gebonde aan enige tyd nie, ook nie aan aardse tyd nie. God was daar voordat Hy tyd geskep het, m.a.w. God het nie tyd voorafgegaan nie. Dit stel die Kerkvader Augustinus in die elfde boek van sy *Confessions* wat handel oor tyd. Hierdie boek is eintlik geskryf as 'n gebed tot God. Hy onderskei skerp tussen God se skeppingswerk, wat vanuit die ewigheid uitgevoer is, en tyd, wat 'n resultaat van God se skeppingswerk is. God Wie ewig en daarom tydloos is, het tyd vir alle dinge in die hemel en op aarde geskep. Met besondere insig skryf Augustinus:

"How could those countless ages have elapsed when you, the Creator, in whom all ages have their origin, had not created them? What time could there have been that was not created by you? ... You are the Maker of all time ... for time could not elapse before you made it ... But if there was no time before heaven and earth were created, how can anyone ask what you were doing "then"? If there was no time, there was no "then" ...

¹ Die omlýning van die dae in Genesis 1 met aand (afsluiting) en more (begin) sluit die moontlikheid uit dat die dae lang evolusionistiese tydperke van miljoene tot duisende miljoene jare kon gewees het. Hierdie omlýning van dae met "aand en more" in Genesis 1 is anders as wanneer dae elders in die Bybel gebruik word.

² Die Sabbatsdag word weergegee as nog 'n dag na die ses skeppingsdae. Hierby sluit Eksodus 20:11 aan deur Israel se week in te deel in ses dae werk en een dag rus. "Daarom het die Here dit (die sewende dag) as gereelde rusdag geheilig." Die Sabbatdag (die sewende dag) verloor sy motivering as die sesdaagse skepping slegs gesien word as 'n logiese ordening van die skrywer van Genesis 1 om sy gedagtes kunsmatig te rangskik (die sogenaamde kaderhipotese).

"Furthermore, although you are before time, it is not in time that you precede it. If this were so, you would not be before all time. It is in eternity, which is supreme over time because it is a never-ending present, that you are at once before all past time and after all future time ... It is therefore true to say that when you had not made anything, there was no time, because time itself was of your making ... What then is time? I know well enough what it is, provided nobody asks me; but if I am asked what it is and try to explain, I am baffled."

Hieruit blyk dit dat Augustinus hom verwonder oor die geheimenis en ingewikkelde betekenis van tyd.

3. DIE INTELLIGENTE MENS SE TYDSGEBRUIK

God openbaar in Sy Woord dat Hy sy teennatuurlike skeppingshandelinge in ses skeppingsdae voltooi het. Die herhalende sinsnedes "En dit was aand en dit was more, die eerste dag die sesde dag" dui onteenseglik op die tweeledige (eers aand, dan more) geaardheid van tyd van die skepping en nie op God se ewige tydloosheid nie. Trouens, ons as aardbewoners het geen begrip van God se ewige tydloosheid nie. Tyd het Hy as deel van hemel en aarde geskep. Dit volg uit Genesis 1:1 "*In die begin* het God die hemel en die aarde geskep". Tyd is dus daar vanaf die "begin" van die skepping, alhoewel by God daar nie tyd is nie want God bestaan tydloos.

Mitologieë van verskillende volke vertel van 'n tyd wat daar was voor ons huidige tyd-like bedeling³. Dit was 'n tyd in één vorm, dit wil sê daar was nie 'n dagtyd of 'n nagtyd nie, ook nie 'n droogtetyd of 'n nagtyd nie. Daar was ook nie 'n tyd van geboorte en van dood nie, nie 'n groeityd en 'n vergaantyd nie. Wat daar was, het nie verbygegaan nie.

Volgens mitologieë het die aarde se tweeledige tydsbedeling uit die tydloosheid van één vorm voortgekom⁴. Tyd sou in één vorm bestaan het voor die tyd van ons leefwêreld met sy afwisselende tweeledige vorme soos nou lig en dan donker, nou bestaan en dan nie-bestaan (bv. van 'n plant), nou warm en dan koud (bv. van 'n klip), somer en winter, nat en droog, vloed en droogte. Op aarde gaan tyd verby, terwyl tydlose tyd nie verbygaan nie.

Deur son- en sterrekundige waarneming het die mens ontdek dat 'n jaar oor 365,24 dae strek. Die mens is egter nie net ontdekker nie, maar hy is ook uitvinder. Hy het uitgevind hoe om hierdie 365 dae in 'n jaar deur middel van 'n kalender te gebruik. Deur die kalender kon hy aan die samelewing struktuur gee en dit orden. Verskillende antieke kulture [Majase, Sumeriese, Babiloniese, Egiptiese en Indiese kulture⁵] het elkeen op hulle besondere wyse 'n kalender saamgestel vir gebruik in terme van sy eie unieke kulturele en godsdienstige behoeftes. Hulle het uitgevind hoe om tyd in hulle diens vir hulle eie doeleindes in die ordening van hulle samelewings te gebruik.

³ Adam, B. 2004. *Time*. Cambridge: Polity Press: hoofstukke 1 en 2 verhaal stories en mitologiese vertellings by baie primitiewe volke.

⁴ Adam, B. *Time*. Cambridge: Polity Press, 2004:102

⁵ Adam, B. *Time*. Cambridge: Polity Press, 2004:107

Voor Galileo (1564 – 1642) was die werksdag van sonop tot sononder. Die werksdag is in twaalf ure verdeel. Die duur van 'n uur was gevolglik in die somer langer as in die winter. Beweging van fisiese voorwerpe kan nie met so 'n wisselende tydmaat wetenskaplik beskryf word nie. Een Sondag het Galileo die periode van die slingering van 'n lamp in die kerk met sy polsslag gemeet en gevind dat die periode onafhanklik was van die grootte van die swaai. Hierdie bevinding het hom gelei tot die bou van die slingerklok om dit as tydmaat te gebruik.

Toe Newton in 1687 sy grootste werk *Philosophiae naturalis principia mathematica* gepubliseer het, het kloktyd reeds 'n houvas op wetenskap en handel gehad en het kloktyd begin om veranderinge in die sosiale lewe aan te bring. Newton het die idee van kloktyd na die heelal uitgebrei. Deur gebruik van kloktyd in die planetestelsel kon die tyd van byvoorbeeld sonsverduisterings noukeurig voorspel word. Daarmee is die gebruik van kloktyd vir die beweging van hemelliggame gevestig. Dit is dieselfde kloktyd wat gebruik word om die evolusionistiese wording van heelal vanaf 'n oerknal sowat 14 duisend miljoen jaar totdat die intelligente mens sowat 10 000 jaar gelede sy verskyning op aarde gemaak het.

Wetenskaplike waarneming vind egter geen bewyse in die natuur van hoe die wêreld geskep is nie. Baie natuurwetenskaplikes aanvaar dat die hede die sleutel tot die verlede moet wees. Die verlede word dan gerekonstrueer uit waarnemings van vandag in terme van kloktyd, wat lineêr (reguitlynig met onveranderlike tydsverloop) terug geprojekteer word tot in die verre verlede. Die evolusieteorie aanvaar dan ook dat alles geleidelik (reguitlynig) op 'n natuurlike wyse vanaf die mees eenvoudige tot stand gekom het oor miljoene tot duisende miljoene jare, gemeet in onveranderlike kloktyd.

Die geologiese ouderdomme van miljoene tot duisende miljoene jare word bereken uit die verval van radioaktiewe stowwe. Hierdie ouderdomme het die evolusionistiese biologie dan ook dadelik aanvaar. Hierteenoor openbaar God in sy Woord aan ons dat Hy deur teennatuurlike skeppingshandelinge met onmiddellike resultate (geen geleidelike reguitlynige tydsverloop nie) alles in ses skeppingsdae tot stand gebring het, 'n skepping wat vanaf die sesde skeppingsdag onder God se bestiering ontplooi tot die voleinding. Die vraag is nou: wat is waar: die miljoene tot duisende miljoene jare, wat die evolusioniste nodig het, of ontplooiing vandat die mensepaar aan die einde van die sesde skeppingsdag as medewerker van God redelik onlangs (6000 tot 10 000 jaar gelede⁶) op aarde gekom het (Gen 2:1-4a)?

⁶ Die argeologie stel dit op ongeveer 10.000 jaar - kyk *AO Evolusionisme op verskillende terreine apologeties hanteer*, afdeling 5. *Argeologiese gegewens*

4. HOE WERK GOD IN DIE NATUUR?

God is self ewig. Tyd gaan nie by God verby soos tyd by die mens op aarde verby gaan nie. Tog werk God vanuit sy tydloosheid op die tydsgebonde aarde deur alles te bestier tot die voleinding.

God het die mens geskep om in die skepping as medewerker van Hom te leef en te werk. Die mens het in terme van die kultuurmandaat 'n taak om uit te voer. God het egter steeds 'n belangrike verbintenis tot Sy skepping. Alhoewel alles wat bestaan deur Hom gevorm is en vir sy bestaan van Hom afhanklik is, is daar 'n duidelike onderskeid tussen God en Sy skepping. Die tegnies-teologiese term vir hierdie onderskeiding is **transendensie**. God transendeer alles wat Hy gemaak het. Dit beteken dat God bestaan buite en apart van alles, dat niks in die skepping met God geïdentifiseer of aan Hom gelyk gestel kan word nie. Hy is nie deel van Sy skepping nie, al is die bestaan en betekenis van alles van Hom en van Hom alleen afhanklik

God se transendensie moet ons denke egter nie in so 'n mate in beslag neem dat ons nie die ander kant van Sy verbintenis tot Sy skepping raaksien nie, te wete sy **immanensie**. Dit beteken Sy voortdurende teenwoordigheid en innige betrokkenheid in alles wat Hy gemaak het. God se immanensie in die wêreld is geleë in Sy alomteenwoordigheid; Sy waaksame versorging van alles wat Hy gemaak het. Hy sien alles en weet alles wat gebeur. God onttrek Hom nie van gebeure in die wêreld nie, maar aanvaar regstreeks verantwoordelikheid om te verseker dat Sy doel met die wêreld oral en altyd vervul sal word tot die voleinding.

Die betekenis van hierdie immanensie het ingrypende betekenis vir die mens, want dit verplig elke Christen om te aanvaar dat sy lewe in aardse tyd voortgaan in 'n omgewing wat God sowel skep as regstreeks beheer. Dit beteken dat in alles wat die Christen probeer om te bereik voorbestem (voorbeskik, "predestineer") is deur die alomvattende doel wat God met Sy skepping volgens sy Raadsplan het. Dit sluit die mens se wisselwerking met die natuur en die bou van kultuur en beskawing in. Ons lewe kan daarom nie die produk van evolusionistiese toevalligheid wees nie, maar ons lewe moet die resultaat van God se plan wees. Ons bly steeds verantwoording aan Hom verskuldig.

In teenstelling tot hierdie beskouing staan die ongelowige denkbeeld van 'n god en die god se verbondenheid tot die lewe en die wêreld. Alhoewel daar baie verskillende denkbeelde onder ongelowiges bestaan, het hulle denkbeelde een ding in gemeen: naamlik dat hulle denke 'n opstandige poging is tot 'n hervertolking van God se transendente en immanente eienskappe. Die dryfveer agter hierdie hervertolking is nie 'n begeerte om tot ware kennis van God te kom nie, maar die verwagting dat die mens, deur 'n hervertolking van God se transendensie en immanensie, volstreekte beheer oor die lewe sal verkry. Dit beteken dat die mens glo dat hy / sy self die vermoë besit om sy / haar verhouding tot die wêreld te bepaal, en om deur eie ervaring kennis te verkry van wat goed en wat sleg vir hom / haar is.

Ongelowiges wil nie aanvaar dat alles afhanklik van God is nie. Hulle wil hulle bevry van sy Oppergesag. Sommige van hulle reken dat hulle God nie nodig het om die bestaan van die wêreld en alle prosesse en gebeure in die heelal en op aarde te verklaar nie. Daarom herdefinieer hulle God se transendensie deur God ver buite die wêreld te plaas, sodat God geen verbintenis van enige aard met die wêreld het nie. Aan die ander kant is daar ongelowiges wat 'n god wil behou, 'n god wat immanent ("inwonend") in die wêreld is. Dit vind hulle in die New Age. Ander hervertolk God se immanensie op 'n panteïstiese wyse deur God gelyk te stel met die heelal self. Vandag word Sy immanensie vervang met die Gaja-hipotese van 'n lewende aarde, vernoem na die Griekse god van 'moeder'-aarde.

Albei hierdie ongelowige beskouings vervang God van die Bybel met 'n afgod, wat 'n skepping van die mens is. Dit is nou die mens wat deur sy verstand moet besluit wat die oorsprong van alles is, waarheen die wêreld op pad is, en wat goed en wat sleg is. Die mens wil self in beheer van die verloop van tyd wees.

Evolusioniste aanvaar nie die sondeval van die mens en die vervloeking van die wêreld as gevolg van die sondeval nie. Vir hulle het die wêreld voortgespruit uit 'n stryd tot oorlewing en het God nie 'n wêreld geskep, waarvan Hy kon sê: "dit was baie goed", nie. Die huidige wêreld, die lewensomstandighede en die onvolmaaktheid (sondigheid) van die mens, is vir die evolusionis die normale. Die onvolmaaktheid van die huidige wêreld word gesien as 'n gevolg van evolusie wat met baie stryd oor miljoene jare sou plaasgevind het. Hierteenoor openbaar God in sy Woord dat die wêreld vervloek is as straf op die sonde van Adam en Eva (Gen 3). Die mens wil nou self 'n oplossing vir die probleem van die boosheid in die wêreld, waarmee die mens daagliks te doen kry, vind.